HOEKOM HONDE BEHEER?

Nature's Valley is omring deurdie Tsitsikamma Nasionale Park. Weens Nature's Valley se unieke ligging, gebruik baie diere soos die Tierboskat, muskuljaatkat, bokkies, voëls, bosvarke, otters, en ander wilde diere die woongebied as hul bewegingsroete. Die ongerepte natuur gee aan die inwoners 'n spesiale ervaring.

Baie van Nature's Valley se inwoners is hondeliefhebbers en party vind hul honde onontbeerlik vir sekuriteit en kamaraadskap, hierdie honde is gewoonlik goed opgelei en gehoorsaam.
Oor tyd het die aantal honde in Nature's Valley egter toegeneem en het kommerwekkende gevolge te wee gebring, soos: onnodige geblaf; uitskotting in openbare gebiede; honde wat mense op die strand aanval; honde wat bokke, voëls, en ander wilde diere jag en doodmaak.

Die soms botsende belange van honed-eienaars, natuurliefhebbers en SANParke, kan slegs versoen word as honde verantwoordelik hanteer word. As honde–eienaars hierin faal, kan die voorreg om honde aan te hou weggeneem word.

WAT KAN U DOEN?

- **Praat diplomaties met eienaars wat nie voldoen aan die riglyne nie (bv. lig hulle in oor wat verlang word).**
- **Raporteer oortreedinge aan die NVBV kantoor.**
- **Stel 'n goeie voorbeeld met jou eie hond.**

KONTAKNOMMERS

- **Plettenberg Bay Animal Welfare Society (PAWS)**
  083 287 9917
- **SANParke**
  044 531 6792
- **CapeNature**
  044 533 2125
- **Munisipale Superintendent (Marco Bernardo)**
  044 531 6757

Kontak Ons

Nature's Valley Belastingbetalers Vereeniging (NVBV)
044 531 6668
www.nvra.co.za
office@nvra.co.za

Nature's Valley Trust (NVT)
044 531 6820
info@naturesvalleytrust.co.za
www.naturesvalleytrust.co.za

NVT
In support of conservation

Nature's Valley Ratepayers' Association Belastingbetalersvereniging








Nature's Valley Honde–Riglyne



BELANGRIK

- **Honde in die omliggende Nasionale Park kan geskiet word.**
- **Rondloperhonde in die dorp kan deur PAWS inbeslag geneem word.**
- **Oortreedings kan aan PAWS gerapporteer word, wie gemagtig is om boetes op te lê.**



RIGLYNE

IN DORPSGEBIED EN OP DIE STRAND

Beheer honde aan 'n leiband buite hul erf.

BY DIE HUIS

Beperk honde **tot u erf**. Omheinning word vereis indien die hond geneig is om rond te loop.

Voorsien 'n omheinging vir eiendomme wat verhuur word en huurders met honde. Indien so 'n area nie voorsien word nie, mag huurders nie hul honde saambring nie.

OP DIE STRAND

Honde word nie tussen **09:00 en 16:00** op die strand toegelaat nie.

DIE STRANDMEER

Honde word **nie in die strandmeer toegelaat** nie en mag nie daarin swem nie.

SENSITIVITEIT: MENSE EN DIE OMGEWING

Tel u hond se ontlasting op en raak **higiënies** daarvan ontslae (bv. begrawe in u tuin).

Keer dat u hond aanhoudend **tjank of blaf**. Dit gebeur gewoonlik wanneer honde alleen gelaat word. **Neem asb. u bure en u honde in ag**.

Die duine is 'n **sensitiewe gebied** binne die Nasionale Park, waar voëls broei en ander wilde lewe leef. **Bly asb. weg** van hierdie gebied.

Rapporteer rondloperhonde.

Beperk die aantal honde op u eiendom tot **hoogstens 2**.